Dr. N. J. Hommes, *De Vrou in de Kerk*, T. Wever, Franeker. 1951.

Die besinning oor die plek van die vrou in die Kerk en sy ampte het na die oorlog met hernude krag ontvlam en met hernude ywer word daaroor gepubliseer. Feitlik gelyktydig met die boek van Hulst oor dieselfde onderwerp, het Dr. Hommes van Gereformeerde kant 'n studie besonderlik oor die nieutestamentiese uitsprake daaroor gepubliseer. Met sorg en omsigtigheid eksegetiseer die skrywer die sogenaamde swyggebod van I Kor. 14:34 vv., en van I Tim. 2:12. Met die uitspraak van I Kor. 11:4, 5, Hndl. 2:17 en talle ander plekke wys hy oortuigend aan dat daar in feite in die Nuwe Testament geen sprake van 'n swyggebod teen die vrou in die

gemeentelike samekoms is nie. Paulus hou vroulike decorum en die beskaafde gedragskode van sy tyd vir die vrou voor oë. Uit Rom. 16:1 e.a.p. en veral uit die vroeg-christelike buitebybelse literatuur wys die skrywer aan dat die Kerk van die begin af minstens die diakens-amp vir die vrou oopgestel het.

In 'n aantal appendices trek die skrywer die riglyne van sy nieutestamentiese ondersoek oor hierdie vraag deur tot die vrou in haar moderne maatskaplike en kerklike verhoudinge.

Die boek sal nog geruime tyd aktueel en lank besonder lesenswaardig bly.

A. S. Geyser.